kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Nadenke met die afsterwe van 'n **Springbok-kaptein**

**Skriflesing: Markus 8:22-30**

## Broodjies vir die pad

"We know what we are, but not what we may be."
— William Shakespeare

"Silent solitude makes true speech possible and personal. If I am not in touch with my own belovedness, then I cannot touch the sacredness of others. If I am estranged from myself, I am likewise a stranger to others."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

"He allowed himself to be swayed by his conviction that human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but that life obliges them over and over again to give birth to themselves."
— Gabriel García Márquez, Love in the Time of Cholera

"Thus what the word Renaissance really means is new birth to liberty—the spirit of mankind recovering consciousness and the power of self-determination, recognizing the beauty of the outer world and of the body through art, liberating the reason in science and the conscience in religion, restoring culture to the intelligence, and establishing the principle of political freedom."
— Jacob Burckhardt, The History of the Renaissance

"The moment God is figured out with nice neat lines and definitions, we are no longer dealing with God."
— Rob Bell, Velvet Elvis: Repainting the Christian Faith

"My biggest mistake is probably weighing too much on someone's talent and not someone's personality. I think it matters whether someone has a good heart." – Elon Musk"
— Nathaniel Oliver, Elon Musk: Renaissance Man

"There have been, of course, many other insatiable polymaths, and even the Renaissance produced other Renaissance Men. But none painted the Mona Lisa, much less did so at the same time as producing unsurpassed anatomy drawings based on multiple dissections, coming up with schemes to divert rivers, explaining the reflection of light from the earth to the moon, opening the still-beating heart of a butchered pig to show how ventricles work, designing musical instruments, choreographing pageants, using fossils to dispute the biblical account of the deluge, and then drawing the deluge. Leonardo was a genius, but more: he was the epitome of the universal mind, one who sought to understand all of creation, including how we fit into it."
— Walter Isaacson, Leonardo Da Vinci

### Sanctum

My huis is nie meer waar my hart
of voet vertoef nie; iets soos voetstoots dalk?
My gedigte uitgelewer aan ongesiene lesers,
huiskopers besigtig dit dalk met 'n agent,
uit verveling of afguns, met 'n *Te Koop*–
bordjie as uitnodiging vir verskuiwing of verplasing.
In die huis van Onse Vader is daar glo
vele wonings nes in die huis-van-die-digkuns
met sy vertrekke en stansas en rondele.
As kind in huurhuise, hotelle, tydelike vestings
vertoef; selfs in 'n woning langs 'n begraafplaas:
ligene, geroep klipblomme, groeiend op die stene
tot ons laaste huis langs die walle van die Vaal
met kannas en malvas en sipresbome.
My moeder, die tuinier-met-groen-vingers
en my vader, die man-van-versekering, leer my
jou huis is tydelik, temporeel, behalwe vir daardie
Huis van die Vader, *buite* tyd of verdriet.

*Joan Hambidge, 2022*

"Remembering our past, carrying it around with us always, may be the necessary requirement for maintaining, as they say, the wholeness of the self. To ensure that the self doesn't shrink, to see that it holds on to its volume, memories have to be watered like potted flowers, and the watering calls for regular contact with the witnesses of the past, that is to say, with friends. They are our mirror; our memory; we ask nothing of them but that they polish the mirror from time to time so we can look at ourselves in it."
— Milan Kundera, Identity

### RSG maak nou van ons almal pannekoeke

*Wilhelm Jordaan*

"Ag, hoe lekker is dit tog om vroegoggend alte vrolik op en wakker te wees."

So het ek Sondagoggend, met 'n skeut sinisme, gedink by die lees van Hanlie Retief se onthutsende onderhoud in Rapport met Louise Jooste, RSG se nuwe sakebestuurder, wat reken mense soek nie "swaar nuus" soggens nie. Nee, hulle soek "goedvoelnuus vir die ligter luim".

Daarom is RSG se *Monitor*-oggendprogram gehalveer en die aktualiteitsprogram *Praat saam* geskrap. En nou het ons 'n

jolliepatrollie-ontbytgeselsprogram genaamd *Op en wakker* om "die oggend se styfgeit te breek".

Iewers hoor ek nou N.P. van Wyk Louw se vraag van lank gelede: "Is ons nog 'n intellektuele volk?" En weet opeens Jooste se stellings en regverdigings swaai die skaal swaar na die kant van "nee".

Trouens, wat nou by RSG gebeur het, asook Jooste se argumente, is tekenend van die breedlopende verdomming van ons samelewing, soos dit reeds in ons voor- en naskoolse onderwysinrigtings plaasvind. In dié geval raak dit die diverse Afrikaanssprekende luisteraars.

Verandering, ook van radioprogramme, is onvermydelik en dikwels noodsaaklik. Maar wat nou by RSG gebeur, is 'n oorgawe aan prettige vermaak, goedvoel-ditjies en -datjies en die klein liefhebberye van die gees.

Natuurlik is sulke dinge belangrik en gee ewewig aan die lewe, maar te veel daarvan is 'n gevaarlike abdikasie van die intellek. Dit kweek oplaas "pannekoekmense" – plat en breed gesprei, by voorbaat vermoei deur die langer woord, die verwikkelde sin en die deurdagte redenering. Amper soos met Winnie the Pooh wat sê: "Ek is 'n beertjie met 'n klein verstandjie en lang en baie woorde maak my moeg."

Die jongste besluit oor RSG kan verstaan word as 'n verset teen intellektuele debatvoering waarvoor *Praat saam* onder leiding van Lynette Francis-Puren bekend én gewild geword het. Sy het reggekry juis dit waarvoor Louw gepleit het in sy siening van die "ware intellektueel" – dat dié nie noodwendig 'n hooggeleerde, ver gestudeerde mens is nie, maar iemand vir wie dit 'n lewensreël is om oor belangrike sake redelik te dink, billik te oordeel, aarselend te veroordeel en die eie mening met 'n bietjie meer selfkritiek te beskou.

Francis-Puren het dit reggekry om Louw se eis oor 'n "heilige onrus" oor eie veronderstellings te laat gedy. En daarmee getoon dat Afrikaanse luisteraars beslis ook 'n behoefte aan beredeneerde perspektiewe het. Ons is nie almal soos Jooste blykbaar dink ons is nie . . .

*Praat saam* is gedra deur die passie om die "waarheid" van idees oor ons manier van saamleef in Suid-Afrika en elders ter wêreld saam te stel uit baie soorte perspektiewe. Die veranderinge kom neer op 'n versaking, as "openbare uitsaaier", van die plig om ook intellektuele waardes te laat gedy – om in die donker water van onbegrip af te duik en met blink pêrels van begrip en insig terug te kom.

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-rsg-maak-nou-van-ons-almal-pannekoeke-20220504

"On the way from the Renaissance to our days we have enriched our experience, but we have lost the concept of a Supreme Complete Entity which used to restrain our passions and our irresponsibility. We have placed too much hope in political and social reforms, only to find out that we were being deprived of our most precious possession: our spiritual life. In the East, it is destroyed by the dealings and machinations of the ruling party. In the West, commercial interests tend to suffocate it. This is the real crisis."
— Aleksandr I. Solzhenitsyn

"Understanding is the reward of faith. Therefore, seek not to understand that you may believe, but believe that you may understand."
— St. Augustine of Hippo

## Brood vir die pad

### Leef in erkenning, herkenning – en uit erkentlikheid

In sy boek Parcours de la reconnaissance (2004; in Engels vertaal as The Course of Recognition) begin die Franse filosoof Paul Ricoeur sy nadenke oor die begrip "reconnaissance" in gesprek met die beskrywing daarvan in 'n aantal Franse woordeboeke. Ricoeur wys op die talle betekenisse wat aan dié woord toegeken word, en belig dan veral drie.

'n Eerste betekenis hang met die Afrikaanse woord "herkenning" saam. Hiervolgens verbind ons in die geheue beelde of voorwerpe met mekaar om hulle te onderskei of te identifiseer. Ons herken byvoorbeeld iemand wat jare gelede saam met ons op skool was, al het die persoon baie verander. Of, om 'n voorbeeld uit die Nuwe Testament te gebruik, wanneer 'n vreemdeling vir twee mans tuis die brood breek herken hulle hom as die Jesus wat in Jerusalem gekruisig is (Lukas 24).

'n Tweede betekenis van "reconnaissance" (of recognition) kan in Afrikaans met "erkenning" vertaal word. Dit behels om iets as eg of waardig te aanvaar en te bevestig. Ons erken byvoorbeeld die status of reg van 'n persoon, groep, taal of land.

Of dikwels vind mense juis nie die nodige erkenning nie. Talle van die belangrike hedendaagse sosiale en politieke bewegings het dan ook te make met die stryd om erkenning.

In die Christelike tradisie hang die taal om belydenis eweneens met erkenning saam. Ek erken my skuld of sonde, of ek bely my geloof deur te erken dat Christus die Here is.

Daar is egter ook 'n derde betekenis van "reconnaissance" wat Ricoeur graag in die lig van die leksikale betekenis van die woord as 'n onverwagte gas verwelkom. Dit behels om dankbaarheid te betuig vir dit wat 'n mens ontvang. Dié verband kom nie so duidelik na vore in tale soos Engels of Duits nie, maar ons vind iets hiervan in die Afrikaanse woord "erkentlikheid". 'n Afrikaanse gesang begin byvoorbeeld met die woorde: "Erkentlik deur die dae / my aardse lewe lank, / wil ek die Here lofsing; / wil ek die Here dank, / vir wat Hy uit genade / so ruim aan my bewys" (Liedboek 521).

Herkenning, erkenning, erkentlikheid – hierdie verbandhoudende woorde wat Ricoeur in sy studie belig vra steeds in ons dag vir oordenking en uitlewing. Ook gegewe die houvas op ons van 'n morele en geestelike blindheid wat maak dat ons nie mekaar se menslikheid herken nie; van 'n kultuur van miskenning wat maak dat ons nie mekaar se waarde en regte erken nie; en van 'n lewenshouding van bitterheid wat maak dat ons nie met dankbare erkentlikheid leef vir dit wat ons ontvang nie. **– RRV**

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-leef-in-erkenning-herkenning-en-uit-erkentlikheid-20220430

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877